Die Onderrigontwikkelingfonds (beter bekend in Engels as die Teaching Development Grant of TDG) is ʼn regeringsbefondsde fonds met die doel om universiteitsontwikkeling van dosente, onderrig en onderrigmateriaal te ondersteun. Die fondse word onder fakulteite en relevante eenhede versprei, gebaseer op aansoeke wat vir driejaarsiklusse ingedien word. Aansoeke word ingedien en goedgekeur via die Universiteit se TDG-beheerkomitee. Tot op hede is die fonds gebruik vir die befondsing van, onder andere, onderriggenootskappe, die implementering van innoverende gebruike van IKT's in onderrig, die aanwending van nagraadse onderrigassistente, ondersteuning vir ʼn breedvoerige taalstrategie, ʼn predoktorale voorbereidingsprogram, vermengdeleer-kortkursusse en algemene onderrig-en-leer-geleenthede in fakulteite.

**Universiteitkapasiteitsontwikkelingprogram en die aanwending van die Universiteitkapasiteitsontwikkelingfonds (2018-2020)**

**Inleiding**

Gebaseer op die bevindinge van ʼn onlangse hersiening van hoëronderwysbefondsing, het die Ministeriële Verklaring oor Universiteitsbefondsing 2016/17 en 2017/18 aangedui dat sodra die huidige driejaarbefondsingsiklus vir bestemde toelae tot ʼn einde kom (31 Maart 2017), onderrig- en navorsingstoelae in ʼn enkele Universiteitskapasiteitsontwikkelingfonds (in Engels University Capacity Development Grant of UCDG) saamgevat sal word. Die nuwe fonds sal die funksies van die huidige Onderrigontwikkelingfonds (in Engels Teaching Development Grant (TDG) en Navorsingsontwikkelingfonds (in Engels Research Development Grant (RDG) konsolideer én uitbrei. Die doel van die eersgenoemde is al beskryf as om "studentesukses te verbeter en studenteleer te versterk deur ʼn volgehoue fokus op die verbetering van die gehalte en impak van universiteitsdosente, onderrig en onderrighulpbronne " (DHOO (Departement van Hoër Onderwys en Opleiding) 2013a). Hierteenoor was die doel van die laasgenoemde (die RDG) uitgedruk as om "deur middel van ʼn fokus op die ontwikkeling van navorsingsvaardighede van akademiese personeel wat ʼn behoefte aan ontwikkeling in hierdie area het, navorsingskapasiteit van universiteite te versterk en navorsingsproduktiwiteit te verbeter" (DHOO 2013b).

**Due Universiteitkapasiteitsontwikkelingprogram**

Daar word voorsien dit hierdie doelwitte bereik sal word deur die implementering van ʼn holistiese Universiteitkapasiteitsontwikkelingprogram (in Engels University Capacity Development Programme of UCDP), waarvan die primêre doel is om transformasie-imperatiewe in die universiteitstelsel aan te spreek om die volgende moontlik te maak:

- Hoë vlakke van studentesukses
- Die vestiging van ʼn akademiese pyplyn wat ruimte laat vir die werwing van voldoende hoeveelhede nuwe akademiese personeel ten einde die akademiese werksmag uiteindelik te transformeer
- Die voorsiening van navorsing- en onderrigontwikkelingsgeleenthede van hoë gehalte vir alle akademiese personeel
- Die ontwikkeling van professionele personeel (insluitende bestuurspersoneel)
- Die ontwikkeling van nuwe akademiese programme wat van strategiese belang is en in ooreenstemming met nasionale prioriteite
- Die hersiening en vernuwing van kurrikula wat die lewering van programme wat op transformasie-imperatiewe in hoër onderwys reageer moontlik maak

Die UCDP word deur die beginsels van gehalte, billikheid en sukses gestut en is uitdruklik mensgefokus. In die besonder bestaan dit uit drie verskillende subprogramme, naamlik studenteontwikkeling, personeelontwikkeling en programontwikkeling.

**Verdeling van UCDG-befondsing**

| **Program** | **Toekenning** |
|---|---|
| Studenteontwikkeling | 20-35% |
| Personeelontwikkeling | 20-35% |
| • Program vir die Koestering van Ontluikende Akademici | 0-5% |
| • Program vir die Versterking van die Kapasiteit van Bestaande Personeel: Onderrigontwikkeling | 10-25% |
| • Program vir die Versterking van die Kapasiteit van Bestaande Personeel: Navorsingsontwikkeling | 10-25% |
| • Indiensnameprogram vir Aanvullendepersoneel | 0-5% |
| Programontwikkeling | 0-5% |
| Bestuur van UCDG | 0-5% |
| **Totaal van fonds toegewys aan programme deur universiteit bestuur** | **70%** |
| | |
| Nuwe Generasie van Akademici-program (nGAP) | 25% |
| Hoëronderwysleierskapbestuur-program | 1% |
| Kollaboratieweontwikkelingsaktiwiteite | 4% |
| **Totaal van fonds toegewys aan programme wat nasionaal gekoördineer word** | **30%** |

**Implementering van UCDP: Vereiste aksies**

- Ontwikkel ’n plan en dien dit in vir die uitfasering van die huidige TDG en RDG (om die tydperk van 1 April 2017-31 Desember 2017 te dek). Plan moet teen 15 Desember ingedien word
- Ontwikkel ’n Universiteitkapasiteitsontwikkelingplan vir die oorblywende tydperk van die driejaarsiklus wat op 31 Maart 2020 eindig en dien dit in
- Vestig ’n model vir integrasie en samewerking tussen die onderskeie funksies wat vir die verskillende elemente van die UCDP verantwoordelik is

**Kriteria vir die goedkeuring van UCDG-plan**

- Plan moet in een ooreenstemming met institusionele strategiese planne wees
- Plan moet duidelike teikens hê wat oor drie jaar bereik kan word
- Plan moet bewysgebaseerd en deur data geïnformeer wees
- Plan moet koherensie en integrasie weerspieël
- Plan moet koste-effektief en doeltreffend wees

**Verwysings**

DHOO 2013a. Ministeriële Verklaring oor die Bestuur en Aanwending van die Onderrigontwikkelingtoelae (Ministerial Statement on the Management and Utilization of the Teaching Development Grants)

DHOO 2013b. Kriteria vir die Bestuur en Aanwending van die Navorsingsontwikkelingfonds vir Universiteite (Criteria for the Management and Utilization of the Research Development Grant to Universities)